

Ons standpunt oor:

Bekeringsdoop, kinderdoop en die inseën van kinders

Tel: (011) 764-1699 / 082 889 9730 Faks: 086 552 0727 / (011) 764-5531 e-pos: info@ruimsig.com Webruimte: www.ruimsig.com

Inleiding: Ons standpunt oor die Bybel

Ons grondwaarde oor die Bybel lui soos volg: “Ons glo dat die Bybel God se Woord is, DAAROM word alles in die gemeente gedryf vanuit die Bybel en God se doel vir die gemeente.” Verder sê ons geloofsbelydenis “Die Bybel is die Woord van God en is kragtig, onfeilbaar in sy boodskap en genoegsaam vir enige persoon se geestelike lewe.” Ons bly dus in nederigheid poog om al ons standpunte te grond en te baseer op die Bybel in die konteks waarin dit geskryf is. Ons glo die Bybel is net so relevant vir vandag soos vir die eerste gehoor waarvoor dit geskryf is. Ons glo dus nie dat die Bybel bloot ’n primitiewe boek is wat ontstaan het vir ’n primitiewe gehoor in die verlede nie. Die Bybel se gesag geld vandag en die boodskap is ewig.

Ons verstaan en erken dat daar sekere temas is wat moeilik is om te interpreteer in die lig van die Skrif omdat die Bybel dit nie direk aanspreek nie. Ons probeer egter met ons eie beperkte kennis en insig steeds die riglyne te volg wat die Bybel uitstip. ’n Standpunt oor ’n saak is egter ook iets wat ontwikkel soos wat ’n mens (of gemeente) se verstaan van die Skrif en sy agtergrond ontwikkel, dus is geen standpunt tot in sy fynste detail “in sement” gegiet nie, maar onderhewig aan verandering, soos wat ons ook die Bybel beter leer verstaan in sy konteks.

Bekeringsdoop, kinderdoop en die inseën van kinders:

Die geskiedenis oor die doop in die kerk is ’n verhaal van ernstige verskille en selfs openlike vyandigheid tussen verskeie standpunte. Voorstaanders van die kinderdoop het grootdopers beskuldig van afwating van die verbond en laasgenoemde groep het weer die ander beskuldig van ontroue Skrifuitleg. Ruimsig Gemeente glo dat alhoewel die doop belangrik is, en ’n belangrike rol speel op enige persoon se pad van groei, dit op die kantlyn staan in die Bybel en geen skeiding of verdeeldheid behoort te veroorsaak nie, ongeag verskille of persoonlike oortuigings.

Ruimsig Gemeente onder oortuiging van bekeringsdoop.

Die Here gee aan sy kerk twee sakramente, naamlik die doop en die nagmaal. Die nagmaal gebruik ons gereeld as herinnering van Jesus se dood aan die kruis vir die hele wêreld en daarom natuurlik ook vir my. Op dieselfde wyse herinner die bekeringsdoop ons egter aan dit wat God reeds persoonlik in my lewe gedoen het deur my te red uit die mag van sonde. Daarom is bekeringsdoop ’n handeling waartoe jy toestem nadat jy gekies het vir Jesus Christus as die Here van jou eie lewe. Hierdie is beslis die prominente gebruik van die doophandeling in die Nuwe Testament. Dit kan gesien word in teksgedeeltes soos Handeling 8 waar Filippus die Etiopiese man doop, die evangelies waar Jesus self gedoop is as volwassene, Paulus en ander apostels se verwysing na die doop as teken van die redding wat hulle reeds van God ontvang het, asook die opdrag van doop wat saam met die sendingopdrag gegaan het in Matteus 28:18-20.

Daarom sal Ruimsig Gemeente al sy lidmate uitdaag om hulleself te laat doop (selfs herdoop wanneer die betrokke persoon reeds gedoop is as baba) om deel te neem in die sigbare teken van die seën van die ewige lewe wat hulle van God ontvang het.

Daar is geen magiese krag in die doop nie. Dit is 'n teken wat die Here vir ons gee as gawe om ons geloof mee te versterk. In tye van twyfel kyk ons dus terug na ons eie doop met die wete dat die Here ons werklik vrygemaak het van sonde, dat ek werklik 'n nuwe mens is net so waarlik as wat ek in die water ingegaan het en weer uitgekom het

Herdoop?

Ons is van oortuiging dat dit hoegenaamd geen negatiewe effek kan hê op 'n mens wanneer 'n persoon wat reeds as babatjie gedoop is self besluit om weer gedoop te word uit eie keuse nie. Daar is geen Bybelse verbod op so 'n praktyk nie. Dit beteken egter nie dat ons sal aanbeveel dat 'n persoon hom / haarself oor en oor laat doop nie. Indien wel kan die diep persoonlike betekenis van die doopgebeurtenis ook afgewater word.

Wat van die inseën van babatjies?

Wanneer die ouers van 'n babatjie besluit dat hulle die belofte van 'n Christelike opvoeding wil maak voor die gemeente, maar die kindjie eerder self wil laat kies op 'n later ouderdom om hulleself te laat doop uit eie oortuiging, stel ons voor dat hulle die babatjie inseën. Hierdeur belowe hulle dat hulle die kleintjie volgens die Woord van die Here sal grootmaak en word die babatjie ingelei in die gemeenskap van gelowiges. Hiermee word nie bedoel dat die kleintjie reeds in 'n regte met God staan nie maar dat hy / sy nog later sal moet reageer op die roepstem van God om Hom te aanvaar as Redder en Here.

Wat dan van kinderdoop?

Wanneer die ouers van 'n babatjie besluit dat hulle die belofte van 'n Christelike opvoeding wil maak voor die gemeente, en hulle die kinderdoop wil gebruik as teken hiervan, sal ons die kleintjie doop. Waar die bekeringsdoop soos 'n trouring (nl dat ek reeds in verhouding met Jesus Christus staan) aan ons vinger sit, sal die kinderdoop dien as verloofring (nl dat God nog in verhouding met my wil staan). Soos met die inseën belowe ouers wat hulle kinders doop dat hulle die kleintjie volgens die Woord van die Here sal grootmaak en word die babatjie ingelei in die gemeenskap van gelowiges. Hiermee word nie bedoel dat die kleintjie reeds in 'n regte met God staan nie maar dat hy / sy nog later sal moet reageer op die roepstem van God om Hom te aanvaar as Redder en Here.

Wat is die verkil tussen die kinderdoop en die inseën?

Daar is byna geen verskil nie. Presies dieselfde belofte word deur die ouers afgelê en die twee handelingte het presies dieselfde betekenis. Al wat verskil is dat daar water gebruik word by die kinderdoop en nie by die inseëning nie.

Die babadoop as verloofring, en die bekeringsdoop as trouring, maak dat albei praktyke wesenlik dieselfde Bybelse betekenis het en die dat die Bybel ruimte maak vir albei. By die een word egter teruggekyk (na my bekering) en by die ander word daar vooruit gekyk (na my bekering).

Wat is die belofte wat deur die ouers gemaak word?

1. Glo julle dat die Ou en Nuwe Testament soos dit vir ons vandag in die Bybel gegee word die Woord van God is en die volkome leer van Redding bevat?
2. Beloof julle om julle kind in die Bybel te onderrig en laat onderrig?